higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N5

(5140225)

25 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag DRIE bronne, wat 'n woordeboek insluit, gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 'n addendum van 2 bladsye.

045Q1J2125

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Lees die ADDENDUM (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae.

VRAAG 1

1.1 Lys TIEN verskillende tipes kommunikasie wat ons daagliks in die werkplek en by die huis gebruik. (10)

1.2 In EEN paragraaf van TIEN sinne, beskryf hoedat jy 'n konfliksituasie oor die gebruik van selfone tydens werksure by die dagsorgsentrum doeltreffend sal hanteer. 'n Senior personeellid het gekla dat 'n junior personeellid haar selfoon tydens werksure in die babakamer gebruik.

Die titel van die paragraaf moet soos volg wees:

Moderne tegnologie in die werkplek – die reëls. (10 × 2) (20)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Proeflees die volgende paragraaf. Skryf die paragraaf in die ANTWOORDBOEK oor en maak alle spel- en leestekenfoute reg. Onderstreep al die foute wat jy reggestel het.

Die eitstekende dividendwins teenoor die reuse groeipotensial is dinge waarna beleggers kyk wanner hulle tussen Vodakom en MTN moet kies Vodakom en MTN se selfoonseine soos dié van ander verskaffers is ewe swak in Pretoria.

Die geografiese verspreiding is egter verskillend. (6)

2.2 Verduidelik die betekenis van die volgende woorde:

2.2.1 rampspoedig

2.2.2 mededingend

2.2.3 langdurige

2.2.4 beroemd

2.2.5 vreemd

(5 × 2) (10)

2.3 Gebruik elk van die volgende uitdrukkings in 'n sin wat die betekenis van die uitdrukking duidelik maak.

2.3.1 die beste van twee wêrelde (4)

2.3.2 om te navigeer (4)

2.3.3 moeilik om te kritiseer (4)

2.3.4 aanhangers (2)

2.4 Die funksie van leestekens en hoofletters is die basis van 'n taal en help ons lees en skryf. Daarsonder kan die boodskap verkeerd geïnterpreteer word.

Identifiseer enige TIEN leestekens uit die artikel.
Haal 'n voorbeeld van elk aan om jou antwoord te staaf. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 3

3.1 Jy is Annemarie Olivier van die Bopa-sentrum en is daarvoor verantwoordelik om 'n dagseminaar oor die gebruik van moderne tegnologie in die klaskamer te reël.

Skryf 'n uitnodigingsbrief aan Jeremy Sampson, voorsitter van die Interbrand Sampson-groep, om hom as gasspreker na die seminaar uit te nooi. Skryf die brief op die briefhoof wat jy vir die Bopa-sentrum ontwerp het. Die onderwerp van sy toespraak moet met die tema van die seminaar verband hou. Jy kan self oor die datum, tyd en toepaslike onderwerp van die toespraak, asook die akkommodasiereëlings vir die gasspreker, besluit. (20)

3.2 Na die seminaar versoek Jeremy Sampson jou om namens hom 'n klagte aan die bestuurder van die Protea Hotel te rig waar hy tuisgegaan het.

Jy moet die volgende onder die bestuurder se aandag bring:

*Swak diens by ontvangs.
*Lawaaierige huishoupersoneel (20)
*Onvriendelike kelner, Johan Visages. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D

VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig, **Hoe troos ek nou**, en beantwoord die vrae.

Hoe troos ek nou

Toe jy klein was, was dit maklik om jou
traantjies en jou hartseer weg te soen
Want 'n drukkie en 'n pleister kon so
baie aan jou babaseerkry doen

As 'n kleuter was jy spraaksaam en die
hoekoms en die waaroms altyd daar
Maar ek kon nog steeds verduidelik en 'n
antwoord vind op al jou duisend vrae

Deur die jare kon ek bystaan altyd maar
'n antwoord vind
In jou eerste grootmens-hartseer moet
ek jou nou faal my kind
Want jou oë vra die vrae en as ek jou
hier teen my hou
Voel ek net soos jy verslae,
Wonder net hoe troos ek nou.

Toe jy grootword was dit pragtig om te
sien hoe liefde in jou hart ontluik
Om te deel in jonkweesdrome as jy soms
so in die verte kyk
Maar dieselfde oë draai na my en ek sien
daarin die hartseer van 'n vrou
Op die hoekoms en die waaroms het ek
net 'n vraag my kind:
Hoe troos ek nou?

4.1 Beskryf in ’n kort paragraaf van VYF sinne waaroor die gedig handel. (5 × 2) (10)

4.2 Hoe het die mamma die klein kindjie getroos? (noem drie woorde) (3)

4.3 Gee die betekenis van die woord 'jonkweesdrome' soos dit in die gedig gebruik word. (2)

4.4 In die gedig is daar ’n besliste ontwikkelingslyn. Toon die ontwikkelingslyn deur middel van ’n skematiese voorstelling aan. (4 × 2) (8)

4.5 Watter vraagwoorde word in die gedig herhaal? (2)

4.6 Wat is die funksie van die herhaling in die gedig? (1)

4.7 Kies die korrekte antwoord in die volgende sinne en skryf die antwoord langs die vraagnommer (4.7.1–4.7.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.7.1 'Duisende vrae' is ’n voorbeeld van letterlike/figuurlike betekenis. (1)

Kopiereg voorbehou

4.7.2 'Voel ek net soos jy verslae' is ’n metafoor/vergelyking. (1)

4.7.3 Die digter is anoniem/sinoniem. (1)

4.7.4 'Toe jy klein was, was dit maklik'. '... was, was ...' is ’n voorbeeld van alliterasie/assonansie. (1)

4.8 Lees die teks oor die BlackBerry Torch in die ADDENDUM (aangeheg) deur.

Op grond van die teks, verduidelik in EEN paragraaf van TIEN sinne waarom kinders nie toegelaat moet word om op 'n jong ouderdom (tussen 2 en 5 jaar) reeds selfone te besit nie. Jy moet jou eie mening in die paragraaf weergee. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E

VRAAG 5

5.1 Jy moet 'n kinderstorie vir kinders van 5 tot 6 jaar oud skryf. Watter TIEN elemente behoort 'n mens in ag te neem voordat jy probeer om die storie te skryf? (10)

5.2 Skryf 'n kreatiewe paragraaf oor EEN van die volgende onderwerpe:

Die nadele van moderne tegnologie

OF

Die voordele van moderne tegnologie (10 × 2) (20)
[30]

TOTAAL AFDELING E: 30

AFDELING F

VRAAG 6

Nadat jy die teks oor die BlackBerry Torch in die ADDENDUM (aangeheg) deurgelees het, teken 'n breinkaart deur die sleutelwoorde wat hier onder gelys is, te gebruik. Die sleutelwoorde is nie in die korrekte volgorde nie.

Die hoofonderwerp is: BlackBerry Torch

storm; beste; Apple; OS 6; Social Feeds; prys; waardeskatting; kalender; webblaaier; kritiseer; raakskerm; bedryfstelsel; BlackBerry Torch; Twitter; Facebook
[20]

TOTAAL AFDELING F: 20
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

GEBRUIKERSTOETS: BLACKBERRY TORCH

JY KAN DIT NIE OORTREF NIE

BlackBerry se eerste toetrede tot die raakfoonmark, met 'n toestel wat die Storm (en sy opvolger, Storm 2) genoem is, was rampspoedig. Op eerste oogopslag was die hardeware indrukwekkend, maar met langdurige gebruik het die sagteware probleme getoon. Dit was nie die groot deurbraak wat die Kanadese vervaardiger, Research in Motion (RIM), in gedagte gehad het nie, maar nou is hulle terug met 'n nuwe raakskerm wat die mededingende instrument mag wees waarvoor die maatskappy gehoop het.

Die BlackBerry Torch is die beste van twee wêrelde: dit beskik oor 'n qwerty-sleutelbord wat kan uitskuif, soos dié van die Blackberry Bold, en 'n raakskerm wat dieselfde kapasitiewe tegnologie gebruik wat Apple met sy iPhone beroemd gemaak het.

'n Mens mag dink dat die naam 'Torch' effe vreemd klink, maar dit het deels te make met die feit dat RIM, Torch Mobile, met die blaaiertegnologie wat in die BlackBerry se OS 6 bedryfstelsels ingebou is, in 2009 oorgekoop het, en dit is 'n belangrike byvoeging.

OORSIG

UITSLAG: Die beste van twee wêrelde – raakskerm en sleutelbord.
KOMPLEKSITEIT: BlackBerry gebruikers sal weet wat om te doen.
PRYS: R8 000.
OORWEEG OOK: Motorola Milestone.
WAARDESKATTING: 7/10

Die Torch is die eerste toestel wat met die OS 6 toegerus is, en die nuwe stelsel is indrukwekkend. Die behels 'n intuïtiewe koppelvlak wat ewe goed werk – of 'n mens die raakskerm of die sleutelbord met die klein spoortoestelletjie gebruik om te navigeer.

OS 6 het 'n nuwe kenmerk, Social Feeds, waarop 'n mens boodskappe van BlackBerry Messenger, Twitter, Facebook en ander toestelle alles op een plek kan besigtig. Dit beskik ook oor 'n baie nuttige opsomming van jou kalenderafsprake en boodskappe op die tuisskerm.

Die Torch en die nuwe bedryfstelsel waarvoor BlackBerry beroemd is, het die probleme wat voorheen op dié platform ervaar is, uit die weg geruim. Byvoorbeeld, BlackBerry se webblaaier was swak, maar OS 6 beskik oor 'n nuwe blaaier wat op Apple se Web Kit-tegnologie gebaseer is, en uitstekend werk. Die koppelvlak is uiters intuïtief en organiseer selfs jou mees gebruikte toepassings in hul eie oppopruimte vir maklike toegang.

Dit is moeilik om die Torch te kritiseer. Wat resolusie betref, is die skerm nie werklik so goed soos dié van die iPhone 4 of Samsung Galaxy S nie, maar dit staan nie ver terug nie. Verder is die kamera effe swakker as die mededingers s'n.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Die bedryfstelsel is egter 'n plesier om mee te werk en die raakskerm is uitstekend. Die uitskuifsleutelbord is 'n oulike byvoeging en gebruikers wat die raakskerm wil gebruik sonder om die sleutelbord prys te gee, sal dit nuttig vind. Die batterylewe is maar wat 'n mens van 'n slimfoon verwag.

'n Mens vergeet egter vinnig van die hardeware sodra jy die OS 6 gebruik, wat tans eenvoudig een van die beste mobiele bedryfstelsels is. BlackBerry-gebruikers is 'n vreemde spul en verwag ander funksies van 'n foon as gewone gebruikers. Vir hul aanhangers, is hierdie die beste toestel wat RIM ooit gemaak het.

SIMON DINGLE

simond@finweek.co.za

Kopiereg voorbehou